VEREISTE WERKSURE : 195 URE PER MAAND

Daar is GEEN maand in die jaar wat presies op 195 ure uitwerk nie - wat wel tipies in die Wet voorgeskryf word, is 45 ure per WEEK, en dit vorm die basis van elke berekening wat ons doen rondom vereiste werkstye.
In Februarie is die vereiste ure byvoorbeeld 180 uur omdat daar net 20 werksdae was (189 ure of 21 werksdae in 'n skrikkeljaar). In Januarie is die hoeveelheid werksdae byvoorbeeld 22 of 23 dae en afhangende van hoe die vakansiedag en die naweke val, sal 'n werker dus 198 of 207 ure moet werk.

Die syfer van 195 ure word verkry deur 52 weke te vermenigvuldig met 45 ure per week, dit gee 2340 ure per jaar. Deel dit dan deur 12 om dit per maand te kry, en dit gee 195 ure per maand. Dit is dus 'n BEREKENDE syfer wat afgelei word van 45 ure per week, en GLAD NIE op sy eie enige betekenis of wetlike stand het nie.